LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

19 September 2024

Ons verwysing:	Eerste Kennisgewing Algemene Jaarvergadering 2024
Kontakpersoon:	Me S Taljaard
Kontakbesonderhede:	taljaardsurette@gmail.com

Geagte Ouer

KENNISGEWING:

ALGEMENE JAARVERGADERING WAT OP 23 OKTOBER 2024 GEHOU SAL WORD

'n Woord van opregte dank aan al die ouers wat elke jaar getrou hul skoolgelde vereffen en sodoende die skool in staat stel om net die beste vir ons kinders en gemeenskap te beteken.

Die jaar staan reeds vinnig einde se kant toe en derhalwe is ons reeds besig met die samestelling van die 2025 begroting. Soos u reeds weet, is inkomste en die professionele bestuur van ons skool se finansies uiters noodsaaklik om die volhoubare voortbestaan en toekoms van ons skool vir ons kinders en gemeenskap te verseker. Soos voorheen gemeld, die fondse wat ons ontvang vanaf die staat dek slegs 4% van ons uitgawes. Ten einde ons drome vir ons kinders en die skool in geheel te verwesenlik, maar terselfdertyd die fondse van die skool verantwoordelik te bestuur, is u teenwoordigheid by die Algemene Jaarvergadering baie belangrik.

Opstelling van Begroting:

- 'n Beheerliggaam van 'n openbare skool **moet** elke jaar 'n begroting voorberei in ooreenstemming met voorskrifte (**artikel 38 van die skolewet**) wat die beraamde inkomste en uitgawe van die skool vir die volgende boekjaar uiteensit.
- **Personeel** stel detail behoeftes saam met strategiese insette deur portefeuljehouers en departementshoofde
- Verfyning van begroting deur **Bestuurspan & Finansiële Komitee** bestudeer begroting en gee insette en stel skoolgelde vas
- **Beheerliggaam insette**, - aanbeveling en - goedkeuring van begroting vir voorlegging aan ouers met tydige kennisgewing
- Voordat 'n begroting bedoel in subartikel (1) deur die beheerliggaam goedgekeur word, moet dit aan 'n vergadering van ouers wat met minstens 30 dae kennisgewing belê is, voorgelê word vir oorweging en goedkeuring deur 'n **meerderheid van ouers teenwoordig** wat stem.
- Die kennisgewing in subartikel (2) beoog moet ook die ouers inlig dat die **begroting minstens 14 dae voor die vergadering by die skool ter insae sal wees**.
- **Ouerinsette** en goedkeuring van begroting aangesien Art 39 van die skolewet - kan skoolgeld by 'n openbare skool vasgestel en gehef word alleenlik indien 'n besluit deur die meerderheid

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton
Posbus 14022, Lyttelton, 0140 | **Tel:** +27 12 664 5798/9
E-pos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za
Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za
Webwerf: www.louisleipoldt.co.za

van ouers tydens 'n vergadering bedoel in artikel 38(2) van die skolewet aanvaar is.

Om ons skool suksesvol te bestuur en die beste waarde ten opsigte van opvoeding vir ons kinders te bied moet die voorgestelde begroting die volgende dek, wat insluit - die betaling van Beheerliggaam poste (salarisse), opvoedkundige hulpmiddels, onderhoud en instandhouding van die perseel, sekuriteit, administratiewe en organisatoriese uitgawes, sport en kultuur uitgawes, munisipale kostes en ander diverse uitgawes, soos uiteengesit. Behalwe vir die betaling van salarisse vir onderwysers wat deur die onderwys departement aangestel is (37% van ons onderwysers), beloop die gemiddelde subsidie wat van die staat ontvang word slegs R1 miljoen. Ons voorgestelde begroting vir 2025 is R24 miljoen.

Om ons in staat te stel om 'n ingeligte besluit te maak en dus die begroting van 2025 goed te keur tydens hierdie algemene jaarvergadering, benodig ons 'n kworum van 15% (albei ouers kan stem) dws Gr 1 – Gr 6 ouers.

Tydens hierdie vergadering sal die voorgestelde begroting vir 2025 vir goedkeuring voorgelê word.

U word vriendelik uitgenooi na ons Algemene Jaarvergadering waartydens u insae en insette rakende die finansies van die skool benodig word. Die besonderhede is as volg:

Agenda:

- Verwelkoming, Opening
- Goedkeuring van vorige notule
- Terugvoer 2024
- Toekomsplanne
- Begroting vir 2025
- Resolusies vir 2025
- Afsluiting

Datum:	23 Oktober 2024
Tyd:	18:00 vir 18:30
Plek:	Laerskool Louis Leipoldt

Vriendelike groete

S Taljaard
Voorsitter: Finansiële Komitee

PH Ferreria
Hoof

FINANSIES

DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton
Posbus 14022, Lyttelton, 0140 | **Tel:** +27 12 664 5798/9
E-pos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za
Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za
Webwerf: www.louisleipoldt.co.za